

Skrifgedeelte: Psalm 107

Fokusgedeelte: Psalm 107:6

Roep na die Here in die dag van benoudheid!

In Psalm 107 is dit baie duidelik dat die digter van hierdie Psalm ons wil herinner aan die feit dat dilemmas, krisisse en onsekere tye regdeur die eeue al voorkom. Daar was eintlik nog altyd mense wat werklik swaarkrytye en worstelinge beleef het. Soms was hulle uitgelewer aan hulle omstandighede, en soms is hulle self daarvoor verantwoordelik.

Vier keer gebruik hy die woord “party” (vs 4, 10, 17, 23), en só klassifiseer hy hierdie mense ... party was verdwaal ... party was gevange in duisternis ... party het dwaas opgetree, en ... party is geteister deur natuursomstandighede buite hulle beheer! En telkens lees ons: in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp en Hy het hulle gered uit hulle ellende (vs 6, 11, 19, 28).

Hierdie noodroep na die Here is eintlik maar die geheim vir elke gelowige se lewe, want uitkoms, beterskap en redding is alleen maar in die hande van die Here! En dit maak nie saak wie of wat ek en jy is nie, en dit maak nie saak wat die omstandighede is waarin ons ons bevind nie, doelbewus of nie, die Here ken dit en Hy alleen kan ons werklik help. Ja, soms stuur Hy sy onsigbare engele, ander kere stuur Hy gewone mense, maar nooit los die Here ons verlate en verlore nie. Soms verander die Here ons in ons omstandighede om die ellende te verdra!

Ja, selfs die grootste ellende waarin die mensdom gedompel was, was nie vir die Here te groot om te hanteer nie! As Offerlam aan die kruis het Jesus Christus, ons Here, die diepste duisternis van die ewige dood ingegaan, sodat ons daarvan verlos kan wees. Die ellende en pyn wat Hy moes ly, oortref enige mens se ergste en grootste nood.

In Psalm 50 nooi die Here ons elkeen as gelowiges uit: *Roep my aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy sal my eer* (50:15). Kom ons wees verstandig, en doen dit!

Sing: Psalm 107-1:1

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)